# QUO VADIS,
# *Opvoeder?*

ENIGE opvoedkunde word deur sy grondbeginsels beheers, ook die Calvinistiese. Hierdie beheersing strek hom veel verder uit as slegs die grense wat deur die teorie gestel word; dit reik heen na die praktyk en die organisasie. Dit omvat die opvoeder en die opvoedeling, die opvoedingsinrigting en die beheer daarvan, die stof en die metode, die liggaam en die siel, die tydelike en die ewige bestemming. As Calviniste laat ons ons „in U lig" lei op al hierdie terreine, of wil ons graag daardeur gelei word. Tog bly ons nog altyd mense, wat „ten dele" ken en verstaan, wat nie altyd maklik tussen lig en dwaallig kan onderskei nie. In die opvoedingsproses het ons voortdurend te doen met die mens onder die sonde, die bedorwe mens wat die goeie wat hy wil, nie doen nie en die kwaaie wat hy nie wil nie, tog weer doen.

Opvoeder en opvoedeling, ouer, onderwyser, kind, onderwysowerhede sit voortdurend voor probleme waarvan die oplossing verstrekkende gevolge gaan hê, reg of verkeerd. Dikwels besef ons nie eens die omvang van die probleme waarvoor ons gestel is nie, of erger nog as dit, besef ons nie eens dat ons hier met 'n probleem te doen het nie. Dan het ons juis nie die hulp en leiding van ander mense nodig om vir ons die perspektiewe te open. Maar

net so dikwels is ons terdeë bewus van die probleme wat voor ons staan en hulle omvang, dog ons kan hulle nie self oplos nie. Dan wil ons deskundige leiding hê om vir ons die weg aan te dui, om ons te help dat ons die moontlike oplossings aan ons beginsels kan toets.

Laat ons sommige van die probleme hier noem om te verduidelik wat ons in gedagte het. (Meer as net **noem,** kan dit nie nou wees nie!) Is ons staatskole, soos ons hulle vandag het, Christelike skole sodat ons tevrede ons kinders daarheen kan stuur en so ons doopbelofte nakom? Of moet ons kerkskole oprig en ons kinders daarheen stuur? Onmiddellik skep ons weer die verdere probleem of dit nou die taak van die kerk is om skole op te rig en in stand te hou. Selfs op hierdie baie bekende terrein is daar so baie om na te vors en duidelik en onaanvegbaar te stel.

Vroeg in ons volksgeskiedenis moes ons worstel teen die verhollandsing van ons onderwys. Dieselfde terme het lank reeds vir ons wordende volk nie meer die betekenis gehad wat hulle in die moederland weergegee het nie maar tog is hulle heelhuids hier ingevoer. Geleidelik is hierdie gevaar vervang deur 'n ernstiger bedreiging, naamlik die verengelsing van ons hele stelsel, met doel, inhoud, metode en al. Hierdie probleem is van buite opgelê en afgedwing maar het van binne uit ook werksaam geword. Vandag staan ons weer in die teken van die veramerikaansing van ons hele opvoedkundige denke en praktyk. Dewey met sy sosiale pragmatisme is besig om die Skrif met sy Christus te verdring. Ons voer Sosiale Studies, Volkekunde „Home Economics" en ander sg. „integrated courses" in ons leerplanne in. Ons verseg om introspektief, selfbesinnend te werk te gaan en bestudeer liewers „behaviour", sodat ons elke individu tot 'n gerieflike matematiese simbool of formule of getal kan herlei. Dan behandel ons hom statisties en rig ons opvoeding net so sielloos statisties daarop in.

Ons verhoog die skoolplig want ons wil die superieure ras in ons veelrassige land bly. Volksonderwys strek nou al tot by st.. 8 en sal eersdaags die st. 10-kerf bereik. Wat boet ons alles daarby in? Kan ons matrikulante van vandag nog slaag in vraestelle van 50 jaar gelede, waar die stof en inhoud dieselfde gebly het? Waarom klae middelbare skole oor die produkte van die laerskool terwyl die universiteite die produkte van die middelbare skool as hopeloos ontoereikend beskou? Waar die skool vroeër hoofsaaklik die opvoeding van die kind na sy intellektuele vermoë op sy rekening geneem het, hoor ons vandag praat van persoonlikheidsvorming as die hooftaak. Maar word die persoonlikheid goed en reg gevorm met die soetsappige „alles-is-vir-hom-te-moeilik"-houding, selfs al geniet hy sy skooldag net soveel soos sy sport in die namiddag. Dis waar, die kind leer deur aanskouing en vanuit die konkrete. Maar waar moet die lyn getrek word sodat daar plek kom vir die beoefening van die geloof? Of ook, ons roem die sogenaamde wetenskaplike metode so hoog dat ons die kind leer om niks aan te neem wat nie bewys kan word nie. Ons kan weer een vra of ons nie daar-

mee die selfgenoegsaamheid van die moderne mens gekweek het nie, die mens wat selfs van sy God nie meer leiding vra of aanvaar nie, hoeveel minder nog van ouers en owerhede nie.

Ons staan vandag by die aanvang van ons nuwe komprehensiewe middelbare skool. Mens hoef nie eers 'n Calvinis te wees om hierdie moderne breinskepping te veroordeel nie; mens kan maar net 'n nadenkende sosialis of arbeider wees om te besef dat jy daarmee nooit klasseverskille sal uitwis nie. Jy sal eerder die so hoog geroemde persoonlikheid inruil vir 'n nommer in die groot masjien. Van masjien gepraat, waar staan ons in ons huidige eeu van die tegniek en outomatisasie? Ons staan voor 'n ontsaglike aanpassings- of aanvaardingsprobleem waar ons die kind moet opvoed om sy regmatige plek in die wêreld in te neem en sy roeping as kind van God te volbring onder omstandighede wat dit moeilik vir hom maak om volwaardige mens te wees.

Orals hoor ons die kreet: „gee ons meer natuurwetenskaplikes". Ons staan as Weste in 'n ongunstige posisie t.o.v. die Ooste. Wat moet die skool doen, hoe moet die kind opgevoed word om die skewe verhouding reg te stel? Is dit die skool se taak?

Ons staan vandag, soos op haas elke tydstip in die verlede, op die kruispaaie met ons opvoeding en onderwys. **Ons wil in hierdie blad graag die ruimte bied vir u as Calvinistiese opvoedkundiges en wetenskaplikes om u probleme te stel en om u bydrae tot die oplossing daarvan te lewer.** Stuur u vrae of u beskouings aan **Koers,** sodat ons mekaar kan voorlig in die soeke na die regte koers. So maklik kan dit gebeur dat die sout smakeloos word. Hier is 'n geleentheid om dit weer uit te loog in die lig van ons ewige beginsels. Ons moet 'n luide klank laat hoor.

B. C. SCHUTTE.